



BOODSKAP VAN DIE KANSELIER

*Dr. Johann Rupert
Kanselier*

By die Universiteit Stellenbosch (US) het daar in 2010 'n soortgelyke proses plaasgevind as by die Verenigde Nasies in 2000, toegegee, op 'n aansienlik kleiner skaal, maar ook met die besef dat multivlaksamewerking, vennootskappe en die deel van hulpbronne effektief gebruik kan word om gesamentlike doelwitte te bereik – tot diens van die samelewing.

In September 2000 het 189 staatsleiers hul by die Verenigde Nasies tot die Millennium-deklarasie verbind om 'n veiliger, welvarender en regverdiger wêreld te bou. Agt meetbare doelwitte – die Millennium-Ontwikkelingsdoelwitte – is opgestel wat teen 2015 verwesenlik moet word.

In sy *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling* en daarna van 2000 en sy Visie 2012 het die US verklaar dat hy 'n aktiewe rolspeler in die samelewing wil wees. Met die koms van prof Russel Botman as Rektor en Visekanselier, is hierdie strewes versterk deur die motivering dat die US se onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie relevant moet wees in die Suid-Afrikaanse en Afrika-konteks. Soos hy dit gestel het: skep hoop deur die wetenskap in te span om van die grootste uitdagings van ons land aan te pak.

So het die Universiteit ter ondersteuning van internasionale ontwikkelingsdoelwitte, met inagneming van sy bewese kundigheid, sy eie ontwikkelingstemas geformuleer: die uitwissing van armoede en verwante toestande; die bevordering van menswaardigheid en gesondheid; die bevordering van demokrasie en menseregte; die bevordering van vrede en veiligheid; en die bevordering van 'n volhoubare omgewing en 'n kompeterende nywerheid. Die US beskik oor die akademiese en navorsingskundigheid om op hierdie terreine 'n beduidende bydrae te kan maak en so hoop te skep vir al die mense van ons land en kontinent.

Uit hierdie gekose ontwikkelingstemas as die binddraad wat die talle inisiatiewe saamheg, het die Universiteit se HOOP Projek sy beslag gekry. Deur die talle akademiese en navorsingsinisiatiewe waaroor elders in hierdie verslag berig word, werk die US daaraan om volhoubare, wetenskaplike oplossings te vind vir onder meer

hongersnood, geslagsongelykheid, outokratiese staatsowerhede, politieke en sosiale onverdraagsaamheid, kinder- en vrouesterftes, MIV/vigs en ander siektes, waternood, omgewingsuitdagings, alternatiewe energiebronne en jeugontwikkeling, asook vir die benutting van hulpbronne.

Vir 'n universiteit is dit 'n waagmoedige en ambisieuse onderneming, maar hoe anders dan as ons 'n beter wêreld wil nalaat vir toekomstige geslagte? Ek wil dit waag om te sê dat die meeste kwessies wat die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram uitlig, hul oorsprong het in gebrekkige geleiterdheid en gebrekkige opleiding wat die bose kringloop van onder meer armoede, siektetoestande, onverdraagsaamheid en onproduktiewe menslike hulpbronne in stand hou.

Uit die lys van die wetenskap-gebaseerde inisiatiewe wat die momentum sal verleen om die oogmerke van die HOOP Projek te bereik, tel die volgende:

- *programme om skoolonderrig in wetenskap en wiskunde te verbeter;*
- *tegnologie wat ingespan word om landelike skole se prestasies te verbeter en nagraadse studente in staat te stel om te werk terwyl hulle studeer;*
- *beter landelike gesondheidsorg en die opleiding van meer gesondheidspraktisyns;*
- *die opleiding en ontwikkeling van 'n nuwe geslag akademici;*
- *die vestiging van beter beheer-en-bestuurspraktyke as teenvoeter vir korrupsie;*
- *die gebruik van tradisionele Afrika geskilbeslegtingsmetodes om politieke konflik en litigasie te voorkom;*
- *grondhervorming en die opleiding van opkomende boere; en*
- *akademiese ondersteuning aan studente om suksesvolle studie te bevorder.*

Die raakvlakke met internasionale en nasionale doelwitte spreek vanself en in die gees van samewerking, vennootskappe en 'n gedeelde visie, is dit belangrik dat die regering, filantropiese stigtings met 'n belang in Afrika, die sakesektor en alumni die Universiteit sal ondersteun om 'n bouer van hoop te wees op ons kontinent.